



**9 GELOOFS-  
MOMENTE**

# Ons huis vier

FAMILIES ONTDEK SAAM

ANRIËTTE DE RIDDER EN  
MAARTJE VAN DER WESTHUIZEN  
(REDAKTEURS)

BIANCA BOTHA, ALEX CLARK, JANA DICKASON,  
FAANI ENGELBRECHT, HELENÉ FOUCHÉ,  
WYNAND VAN NIEKERK EN ELSIE LOUW  
(MEDEWERKERS)

# Inhoudsopgawe

Inleiding	4
<b>1</b> Vier die lewe: Proe die kos	7
<b>2</b> Doop: Steek 'n kers aan	11
<b>3</b> Nagmaal: Deel 'n broodjie	15
<b>4</b> Verjaarsdae en herdenkings: Bak 'n koek	19
<b>5</b> Seerkrytye en swaarkrytye: Skink 'n koppie tee	23
<b>6</b> Oorwinning: Klink 'n glasier	28
<b>7</b> Oorgangstye: Neem 'n foto	32
<b>8</b> Spesiale dae: Dek 'n tafel	36
<b>9</b> Geloofsverbintenisse: Pak 'n vuurtjie	40

# 1

## Vier die lewe PROE DIE KOS

Wanneer laas het jy rustig 'n bord kos geëet en elke happie geniet?

Wanneer ons haastig is, gryp ons baiekeer sommer iets om in die verbygaan te eet en ons proe nie eens meer die kos nie. Kitskos is dikwels 'n metafoor vir ons lewe ... dit is vinnig, maar sonder smaak. As families probeer ons soms net oorleef.

Jesus belowe vir ons 'n lewe van vreugde en oorfloed, maar dikwels mis ons dit te midde van die chaos. Is dit moontlik om God se teenwoordigheid raak te sien in die alledaagse gejaag en om die mooi van die lewe te "proe"?

Almal slaap nog rustig. Karel du Toit word wakker met 'n tevrede gevoel in sy hart. Hy voel uitgerus. Hy kyk op sy horlosie om te sien hoe lank hy nog kan lê ... Hy besef met 'n skok dit is reeds vyf voor sewe! Die wekker het nie afgegaan nie. Hulle het twintig minute om almal uit die bed, aangetrek en by die skool te kry. Hy het 'n vergadering waarvoor hy nie laat kan wees nie. Karel spring-val uit die bed en bulder so hard as wat hy kan: "Ons is laat! Ons moet opstaan! Dis amper sewe-uur!"

Só begin die nuwe dag. Op pad skool toe is Karel reeds besig om sy eerste vergadering vir die dag in sy kop te beplan. Die tweeling, wat op die agtersitplek in hulle stoeltjies sit, probeer sy aandag kry. Hy verstaan nie wat hulle beduie nie en is geïrriteerd omdat hulle sy gedagtegang onderbreek. Net betyds sien hy uit die hoek van sy oog die reënboog wat hulle opgewonde vir hom probeer wys. Hy het die oomblik amper gemis.



### Bring saam

- Lekkernye om te eet.
- 'n Selfoon of meer as een.
- 'n Sonbril of 'n ander snaakse bril.

## Ysbreker

Elkeen kry 'n stukkie sjokolade of iets lekkers om te eet. Almal moet minstens vyf minute lank daaraan eet. Moedig jou gesin aan om eers aan die sjokolade te voel, dan daaraan te ruik en dit dan stukkie vir stukkie regtig te proe terwyl hulle dit geniet.

Wat het jy vandag geproe, geruik of gevoel wat jy voorheen nog nie in hierdie sjokolade of eetgoed opgelet het nie?



### Luister

Dawid het Psalm 8 geskryf om lof aan God te bring. Dawid was bewus van God se wonderlike skepping. Dit het hom laat raaksien hoe groot God is en hoe wonderlik Hy alles gemaak het. Dit het Dawid se oë oopgemaak vir hoe spesiaal God ook die mens geskep het.

Hierdie psalm laat 'n mens besef daar is twee maniere om deur die lewe te gaan: bewuste-loos of bewuste-lik.

Wanneer ons bewuste-loos leef, sien ons nie en hoor ons nie. Ons voel nie en ons proe nie. Ons gedagtes is so vol dat ons niks van die skepping raaksien nie.

Die gevolg is dat ons ook onbewus van God is. Ons kan verby God se aanrakings beweeg wat in die doodgewone verskuil is. Dit kan gebeur dat ons met 'n motor of 'n fiets ry of iewers heen stap en God se teenwoordigheid mis – dalk in die wondermooi blou lug, die reënboog van blare, die koelheid van die herfsoggend of die son wat op die fyn boomblare speel.

Wanneer ons bewuste-lik leef, word ons sintuie egter kanale van ontmoetings met God. Ons kan hierdie ontmoetings ervaar wanneer ons ons sintuie inspan. Deur by ons sintuie te begin, maak ons die deur oop sodat God ons kan aanraak, ook deur die natuur.

- Lees saam *Psalm 8*.



## Gesels

- Watter plek in die natuur is jou gunstelingplek om te wees? Hoekom?
- Wat in julle huisgesin maak dat jy of julle soms nie die mooi dinge raaksien wat God vir julle wil wys nie?
- Watter vers in Psalm 8 is vir jou die mooiste? Hoekom?
- In watter gewone dinge – soos opstaan, tandeborsel, huiswerk – mis ons soms God se stem? Hoe kan julle as gesin mekaar help om God in die gewone dinge van die dag raak te sien?



## Leef

- Kyk na foto's op julle selfone. Kies drie of vier spesiale foto's op elke foon. Gesels oor hoe God in daardie oomblik betrokke was.
- Dink aan jou gunstelingplek waar jy graag tyd deurbring. Dalk is dit jou kamer, julle tuin of 'n spesiale koffiewinkel waar jy met vriende saam kan kuier. Hoe beleef jy God daar?



## Aanbid

Elkeen sit nou 'n sonbril of snaakse bril op, of maak beurte om die bril op te sit as julle net een het. Vra dat God julle vandag sal help om met nuwe oë te kyk en Hom in die gewone raak te sien. Haal mekaar se brille af, of maak beurte om die bril van iemand anders se oë af te haal. Dit help ons onthou dat God ons help om nuut te sien.

# Nog idees vir gesinsaktiwiteite

## Spesiale plekke

Lees die verhaal van Moses en die brandende bos in Eksodus 3:1-14. God ontmoet hier vir Moses in die doodgewone, alledaagse lewe waar hy besig was om te werk. Moses was besig om sy skoonpa se skape op te pas. Maak saam 'n lysie van die gewone plekke waar julle al vir God in die loop van 'n gewone dag ervaar het.

## Staptog

Gaan doen saam as familie 'n plaaslike *parkrun*, of gaan stap in die veld, klim 'n berg uit of gaan loop op die strand. Hoe raak julle in die natuur van God bewus? Vertel vir mekaar wat julle sien.

## Heuwels en koppies

In die Bybel is daar dikwels mense wat God op berge beleef het, soos Elia en Moses. Stap saam na 'n heuwel of koppie. Elkeen skryf op 'n klip een eienskap van God neer wat hulle wil onthou. Pak die klippe op die kruin van die heuwel of koppie op 'n spesiale plek wat julle weer kan besoek.

## Oggendgebed

Skryf saam 'n gebed wat julle elke oggend kan bid voordat julle by die voordeur uitstap. Vra in hierdie gebed vir die Here om julle oë oop te maak sodat julle Hom in die gewone dinge sal kan raaksien.

## Natuurtuin

Gaan stap in die veld of in 'n tuin. Meet 'n area van ongeveer twee vierkante meter uit. Kyk hoeveel plante, insekte, klippies, blomme, en so meer, julle daarin kan vind.

## Skattejag

Elkeen kry 'n beurt om 'n kleur (soos rooi) of 'n item (soos 'n hoed) te kies terwyl julle saam in die motor ry. Kyk hoeveel dinge van daardie kleur of hoeveel van 'n spesifieke item julle kan raaksien terwyl julle ry. Gesels na die tyd oor hoe die "skattejag" julle gehelp het om die klein dingetjies rondom julle raak te sien.

## Nuwe roetes

Kies 'n week lank elke dag 'n ander roete skool toe en werk toe. Wat sien julle op hierdie ander pad raak?

## Koffiewinkel-stories

Gaan sit in 'n koffiewinkel of op 'n bankie waar julle 'n besige pad kan dophou. Watter mense sien julle raak? Dink vir elke persoon wat julle raaksien 'n denkbeeldige storie uit. Hoe help dit julle om God in mense raak te sien?

# 2

## Doop STEEK 'N KERS AAN

Wanneer die krag af is en almal benoud in die donker rondtas op soek na kerse en vuurhoutjies, kan een kers weer lig bring en 'n hele vertrek ophelder. Ons lees in die Bybel dat Jesus die lig vir die wêreld is. In 'n wêreld van donkerte bring Hy vir ons hoop.

Die doop herinner ons dat God altyd by ons is en dat ons sy kinders is. Die doopkers is die teken van lig en waarheid. Soos die kers se lig die donkerte wegneem, so lei God ons deur sy verlossing uit die donkerte tot in die lig.

Die Plaatjies-gesin gaan kuier by vriende, maar hulle ontstel vir Trevor, die pa van die gesin, baie. Dié vriende vertel dat hulle deel van 'n nuwe kerk is wat die doop anders verstaan. In die motor op pad huis toe sê Trevor vir sy seun, Willie, dit is nie vir hom lekker wanneer mense oor die doop stry nie. Willie sê vir sy pa hy verstaan nie wat die bohaai oor die doop is nie, want hy kan nie eens sy eie doop onthou nie. Daarom beteken dit nie vir hom veel nie.

Trevor lê daardie hele nag wakker omdat hy nie vir Willie op sy opmerking kon antwoord nie. Die volgende dag gaan vra hy raad by sy kollega, Belinda, wat in dieselfde gemeente as hulle is. Belinda help vir Trevor om nuwe planne te maak. Belinda se gesin vier elkeen in die gesin se doop deur 'n spesiale kers op hulle doopherdenkingsdag aan te steek. Hulle herinner die kinders dan aan die betekenis van hulle doop en vertel vir hulle van hulle doopdag en kyk na foto's van hulle doop. Trevor besluit om dieselfde tradisie met Willie te begin vestig.



### Bring saam

- Elkeen se doopkers. Indien julle nie doopkerse het nie, kies dan enige ander kers.
- Baba-albums, doopfoto's, 'n dooprok (opsioneel) of enigiets wat julle aan julle doop sal herinner.
- Papier en penne.
- 'n Bak met water.

## Ysbreker

- Kyk saam na die doopfoto's wat julle het. As julle nog 'n dooprok in die gesin het, kan julle ook saam daarna kyk. Terwyl julle na die doopfoto's kyk, vertel vir mekaar die verhale van elkeen se doop. Doen moeite om oor elkeen in die gesin te praat. Ouers kan vir hulle kinders van hulle eie doop vertel.
- As julle nie foto's het nie of as nie almal gedoop is nie, vertel die doopstories wat julle wel het.



### Luister

Ons leer in die Ou Testament dat God sy volk gekies het om in 'n besondere verhouding met Hom te leef. Ons sien dit juis raak wanneer God met Abraham 'n verbond sluit. Hierdie verbond was soos 'n kontrak tussen God en Abraham en Abraham se nageslag. Ons sien dat God liefde en trou aan Abraham belowe, al kan Abraham nie sy kant bring nie.

Genesis 17 vertel vir ons dat die besnydenis die teken was wat mense aan die geldigheid van hierdie verbond herinner het. Vroue is deur hulle mans se besnydenis by die verbond ingesluit.

Deur Jesus is hierdie ou verbond hernu en het dit nuwe betekenis gekry wat hoop vir die hele skepping bring. Ons lees in Kolossense 2 dat ons by hierdie nuwe verbond ingesluit is. Die doop het die besnydenis vervang as die verbondsteken van die nuwe verbond. As verbondsteken herinner die doop ons aan een van die belangrikste temas in die Bybel: God se genade en liefde is so groot dat Hy ons nie los nie, maak nie saak wat ons gedoen het of wat met ons in hierdie lewe gebeur nie.

- Lees saam *Kolossense 2:11-12*.





## Gesels

- Wat gebeur volgens hierdie gedeelte met ons ou, sondige lewe?
- Deur die doop word ons deel van Jesus se dood. Ons ou lewe sterf en ons neem 'n nuwe lewe in Hom op. Hoe lyk hierdie nuwe lewe?
- Jesus het lyding, swaarkry en dood geken. Deur die doop verbind Hy Hom deur hierdie menslikheid aan ons. Wat beteken dit vir jou in jou donker tye wanneer die lewe soos die dood voel? Wat beteken dit vir jou wanneer jy hoor Jesus ken swaarkry en dood?
- Hoe kan julle in julle huis die doop vier en mekaar gereeld aan die betekenis daarvan herinner?



## Leef

- Skryf in jou eie woorde neer wat jou doop vir jou beteken. Deel dit dan met mekaar. Dit kan bloot een eenvoudige sin wees.
- Maak beurte om vir mekaar te vertel waarom julle elkeen 'n spesiale deel van die gesin, familie of groep is. Sê watter mooi eienskappe julle elkeen het en waarvoor julle dankbaar is.



## Aanbid

- Ons moet ons identiteit as gedooptes vier. Steek almal se doopkerse aan. As julle nie doopkerse het nie, steek enige gewone kers aan. Die kerse herinner ons dat ons gedoop is en 'n spesiale plek in God se familie het.
- Maak beurte om julle hande in die bak water te steek terwyl julle mekaar met die volgende seën groet: "Ons vier vandag jou doop. God sal altyd by jou wees. Jy is kosbaar vir God en vir ons."

# Nog idees vir gesinsaktiwiteite

## Doopverjaarsdae

Onderneem om met elke doopverjaarsdag in julle huis 'n doopkers aan te steek. As julle nie julle doopdatums ken nie, kan julle dit op Paassondag doen. In die vroeë kerk is gelowiges met Paassondag gedoop, die dag waarop ons die opstanding en nuwe lewe vier.

## Badkamerspieël

Plak hierdie woorde op die badkamerspieël: "Jy is gedoop. Jy is kosbaar vir God." Elke keer wanneer julle die water sien loop of julle gesigte was of tande borsel, kan dit julle aan julle doop herinner.

## Deur donker tye

Wanneer iemand in die huis deur 'n moeilike tyd gaan, steek 'n doopkers vir hom of haar aan. Dit herinner hulle dat God by hulle is.

## Maak 'n simbool

Neem 'n vel wit papier. Laat elkeen 'n hand- of vingerafdruk met verf daarop maak. Kies as huisgesin saam 'n Bybelvers wat julle daarby kan skryf. Skryf bo-aan die bladsy: "Deur die doop is God se vingerafdruk op ons lewe." Sit dit op 'n belangrike plek in die huis neer.

## Maak 'n gesinskers

Kies een groot kers waarop julle elkeen se naam en doopdatum kan skryf. Steek hierdie kers op julle elkeen se doopverjaarsdag of op moeilike dae aan.

## 'n Kruis op die voorkop

Wanneer ons deur die doop een met Christus word, neem ons 'n nuwe identiteit in Hom aan. Ons kan sê Jesus se Naam word op ons geskryf. Trek gereeld 'n kruis op elkeen in die huis se voorkop en sê hierdie woorde: "Jy is God se geliefde kind."

## Vier die nagmaal

Die nagmaal is soos ons "onthou-kos". Die nagmaal help ons om die beloftes van die doop ons eie te maak. Ons vier ons verbondenheid aan God. Woon gereeld dienste by waar julle die nagmaal saam kan vier.

## Sing

Sing liedere wat julle aan julle nuwe identiteit herinner. Kyk gerus na Flam ([www.flam.co.za](http://www.flam.co.za)) se liedjies.